STRATEGIESE EN TAKTIESE BESLUITE WAT DIE RESULTAAT VAN DIE SLAG VAN BLOED/NCOME-RIVIER, 16 DESEMBER 1838, BEPAAL HET

Kolonel Jacobs

AGTERGROND

Strategie behels 'n spesifieke banadering tot konflik. Luttwak[1] definieer strategie as die kuns in die ontwikkeling en benutting van militêre en ander hulpbronne ten einde doelwitte, bepaal deur nasionale beleid, te bereik. Gedurende die 20ste eeu is hierdie definisie verfyn deur te beweer dat militêre strategie 'n komponent is van 'n breër term, nasionale of groot strategie. Laasgenoemde is dan die kuns en wetenskap van die ontwikkeling en gebruik van die politieke, ekonomiese en sielkundige middele van 'n nasie, in samewerking met sy gewapende magte, in oorlog en vredestyd, waarvan die doel die beveiliging van nasionale doelwitte is.[2]

Die konflik tussen die Voortrekkers en verskillende swart stamme en koningkryke in die tydperk 1836-1854 kan beskou word as 'n oorlog om beheer van 'n deel van wat vandag bekend staan as Suid-Afrika. Die emigrasie van 10 000 Afrikaners vanaf die Kaapkolonie tussen 1836 en 1838, was die daad van 'n groep mense wat gepoog het om grond te bekom waar hulle 'n onafhanklike politieke entiteit tot stand wou bring.[3]

Die leiers van die Groot Trek was goed ingelig oor die situasie in die binneland, aangesien verskeie jagters, handelaars en sendelinge hulle ondervindings met mense in die Kaapkolonie gedeel het. Verder is die sogenaamde Kommissie trekke onderneem om te bepaal of die situasie hom daartoe geleen het vir die verkryging van grond, staatstigting, en die daaropvolgende proses van nasiebou.[4] Hierdie optrede kan gesien word as deel van 'n nasionale strategie vir oorlewing, aangesien hulle die situasie aan die Oosgrens van die Kaapkolonie as onhoudbaar ervaar het.

Die ontwikkeling van groter stamgroepe in die binneland, soos die Matetwa en Ngwane het gelei tot die totstandkoming van gesentraliseerde swart koningryke, soos dié van die Zoeloes en na Mzilikazi se breuk met Shjaka, die Matabeles, met sy invloedsfeer die ou Transvaal provinsie en die noordelike Vrystaat. In die tydperk 1790 tot 1830 het die verskillende oorloë wat deur hierdie twee koninkryke en ander klieneres soos dié van die Batlokwa van Matantisi en haar seun Sekonyella, gevoer is, die streek gedestabiliseer. Dit het gelei tot grootskaalse lewensverlies en veplasing van mense, dermate, volgens sommige historici, tot so ver noord as die teenswoordige Tanzanië. Hierdie gebeurtenis staan bekend as die Mfecane of die Difacane.[5]

Vanuit die oogpunt van die Voortrekkers was dit 'n verwikkeling wat die nastreef van hulle nasionale strategie bevoordeel het. Dit het die indruk geskep dat groot dele van die

---

[1] E. Luttwak, **A Dictionary of Modern War**. (Londen, 1972), p. 54.
[2] A.F. Lyke, "Defining Military Strategy", **Military Review**, Vol. LXXVII, No. 1, p. 184.
[3] C. Venter, **Die Groot Trek**. (Kaapstad, 1985), pp. 21-22.
[4] J. Meintjies, **The Voortrekkers**. (Londen, 1975),. P. 35.
[5] Beeld, 3 Mei 2006, p. 13.

binneland ontvolk was en indien ooreenkomste oor grond met die sterker politieke entiteite soos die Zoeloe-koninkryk bereik kon word, sou die proses van staatstigting lewensvatbaar wees. Dit is egter ook waar dat die Voortrekkers besef het dat die proses nie altyd vreedsaam sou verloop nie en dat sommige mense in die binneland hulle permanente migrasie oor die Oranje/Gariep-rivier as 'n veroweringsveldtog sou beskou. Derhalwe is die verskillende trekke soos militêre ekspedisies georganiseer. Die voorbehoud was egter dat dit nie bedoel was as 'n daad van aggressie nie, maar dat hulle gereed moes wees indien hulle aangeval sou word.[6]

DOEL

Die doel van hierdie studie is om die handelinge van die opponerende leërs gedurende die veldtog, wat die slag van Bloed/Ncome-rivier insluit, te evalueer volgens huidige militêre doctrine. Die Duitse krygsfilosoof Von Clausewitz[7] het beweer dat die belangrikste onderskeidingsvermoë waaroor 'n bevelvoerder moet beskik, is om te kan bepaal wat die aard van die oorlog is waarbinne hy himself bevind. Verder, dat dit belangrik is dat hy dit nie moet verwar met ander situasies of poog om die omstandighede te verander na wat dit nie is nie. Hierdie stelling sal die toetsteen vorm in die evaluasie van die besluite van die opponerende bevelvoerders. Met ander woorde, watter bevelvoerder se besluite het die beste by die omstandighede van 1838 ingepas. Dit behels 'n deeglike kennis van die vyand, eie magte, gevegsruimte (terein, weer, infrastruktuur en bevolking) in die oorlogsteater. Hieruitvoortvloeiend is dit belangrik dat die bevelvoerder die sterkpunte van sy eie magte benut om die swakhede van die vyand uit te buit.

DIE MILITÊRE STELSEL VAN DIE VOOTREKKERS

Hierdie stelsel is ontwikkel tydens die verskillende oorloë teen die San, die Khoi en later die Xhosas aan die Oosgrens van die Kaapkolonie. Gedurende hierdie oorloë is die gereelde Nederlandse en later Britse troepe aangevul deur die opkommandering van grensboere in die sogenaamde Kommando-stelsel. Die rede hiervoor was dat die omvang van die grense van die Kaapkolonie wat beskerm moes word nie net op fortifikasies en infanterie kon staatmaak nie. Derhalwe is die grensboer, bewapen met musket, bedrewe in skietkuns, aangesien die meeste van hulle uit jag uit 'n aanvullende bestaan tot boerdery moes voer, gebruik as aanvullende maatreël tot die koloniale verdedigingstelsel. Dit is verstek deur die doeltreffende gebruik van perde vir operasionele en taktiese mobiliteit.[8]

Wa-laers is as mobiele fortifikasies gebruik wat as hegte basis gedien het vir berede manskappe. Dit het 'n veilige hawe verskaf waarheen die mobiele kommandos kon terugval indien gekonfronteer met numeries sterker vyande en 'n basis vanwaar teenaanvalle teen 'n terugvallende vyand uitgevoer kon word.

---

[6] C. Venter, **Die Groot Trek**, p. 20.
[7] C. von Clausewitz, **On War**, geredigeer en vertaal deur M. Howard en P. Paret. (Princeton, 1976), p. 88.
[8] C.M. Bakkes, "Die kommandostelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur" in, **Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**. (Pretoria, 1979), pp. 294-298.

Taktiese inligting in die vorm van verkenning en gesprekke met die plaaslike bevolking was belangrike komponente vir die oorlewing in die Afrika teater gedurende die 19de eeu. Gevolglik was die meeste van hulle bedrewe spoorsnyers en verkenners.[9]

Die grootste voordele waaroor die stelsel beskik het was die klem op die kombinasie van vuurkrag en mobiliteit. Vuurkrag in die kommando-stelsel van 1838 was die voorlaaier gladdeloop musket (Sanna). Die vuurtempo van die wapen in die hande van 'n ervare skut was drie skote per minuut. Gedurende hierdie veldtog is dit aangevul met drie kanonne. Die grootste swakheid van die Voortrekkers se stelsel was dat hulle net in 'n beperkte mate selfonderhoudend was, aangesien mannekrag, wapens en buskruit uit die Kaapkolonie aangevul moes word. Desnieteenstaande, het hulle besit van beter tegnologie as die swart leërs in die binneland aan hulle 'n bepaalde voordeel verskaf.[10]

DIE ZOELOE MILITÊRE STELSEL

Alhoewel daar ooreenkomste tussen die twee stelsels bestaan het in terme van aspekte soos die gebruik van mobiliteit in die oorlogsteater en op die slagveld, het hulle in skrille kontras met mekaar gestaan. Die oorsprong van die Zoeloe-stelsel was gesetel in die persoon van Dingiswayo, die regeerder van die Mtetwa stam. Hy het sekere Europese militêre idees met die tradisionele Afrika benadering tot oorlogvoering gekombineer. Shaka, laterere koning van die Zoeloes het as 'n bevelvoerder in die Mtetwa-leër gedien, waar hy Dingiswayo se nuwe benadering eertehands ervaar het.

Voor hierdie verandering was oorlogvoering hoofsaaklik 'n verlengstuk van jagekspedisies waar dieselfde wapens en taktiek gebruik is om teen mense te veg. Elke volwasse man was 'n kryger en hulle het in 'n menigte, genaamd 'n impi, geveg, wat bestaan het uit 'n massa krygers wat gevegte gewen het met 'n oorwig van 'n getalle. Gedurende gevegte is pogings soms aangewend om die vyand te omsingel, maar nie as numeriese oorwig in elk geval 'n oorwinning verseker het nie. Derhalwe is die meeste stamkonflikte opgelos deur middel van voorafgereelde gevegte wat volgens 'n vaste patroon verloop het. Vir 'n tyd lank het die opponerende groepe mekaar beledigings vanaf aangressende heuwels toegeslinger. Die meeste gevegte het gewoonlik geiendig met 'n vertoon deur spiese van 'n veilige afstand na mekaar te gooi en verliese was in die algemeen laag. Die wapens wat gebruik is, was hoofsaaklik werpspiese, knopkieries en beesvelskilde.[11]

Die taktiese stelsel het bygedra tot die doel van oorloë en hoe veldtogte gevoer is. Oorloë se doel was nie totaal nie, met ander woorde, gemik op die totale vernietiging van bestaande sosiale, politieke en ekonomiese stelsels en die vervanging daarvan met 'n alternatiewe stelsel nie. Die hoofoogmerk tydens veldtogte was om strooptogte uit te voer om beeste en grond te bekom. Die krygers het vinnig beweeg, voor eerste lig strooptogte uitgevoer en in die proses krale afgebrand en beeste afgeneem. Die krale was nie ontwerp om verdedig te word nie en het slegs as beskerming teen wilde diere en diewe gedien. Wanneer bedreig het die mense gewoonlik met hulle vee na die omliggende gebiede gevlug en die omgewing

---

[9] J. Meintjes, **The Voortrekkers**, p. 22.
[10] F.V. Lategan en L. Potgieter, **Die Boer se Roer in Suid-Afrika tot vandag**. (Kaapstad, 1988), p. 109.
[11] I.J. Knight, **Warrior Chiefs of Southern Africa**. (Durban, 1994), pp. 16-17.

geplunder ten einde die komende vyand uit te honger. Sodra die stropers padgegee het, het hulle weer bymekaar gekom, teruggekeer en hulle krale herbou.

Dingiswayo en Shaka se stelsel was ontwerop om totale oorlog te voer. Die doel van veldtogte was om die politieke, ekonomiese en sosiale stelsel van die vyand te vernietig en dit in te lyf in hulle eie stelsels. Hiervolgens het Shaka, nadat hy die opperhoof van die Zoeloes geword het, die verskillende groepe en stamme in die gebied wat vandag as KwaZulu-Natal bekend staan, verenig en strooptogte teen die omliggende gebiede uitgevoer. Mzilikazi het van Shaka weggebreek en dieselfde proses in die binneland uitgevoer. Teen die einde van sy lewe het Shaka militêre krale binne sy invloedsfeer gebou wat strategies op heuwels, rivieroewers en berghange geplaas is. Dit het as hegte basisse gedien vanwaar die koninkryk verdedig en invalle in omliggende gebiede geloods kon word.

Die taktiese stelsel het die oorlogsdoelwitte aangevul. Die praktyk om spiese oor 'n lang afstand na die vyand te gooi is uitgefasseer en die fokus het verskuif na direkte kontak met die vyand. Die werpspies is vervang met 'n kort steekspies (Iklwa) en die skild is gebruik om die opponent se skild uit die pad te stamp ten einde die doodsteek toe te dien. Reeds in Shaka se regeringstydperk het die Zoeloes wel oor enkele vuurwapens beskik, maar dit is nie in hulle taktiese stelsel geïntegreer nie. Vuurwapens is deur inheemse groepe soos die Griekwas en Basoetoes gebruik, maar om een of ander rede het die Zoeloes nooit op groot skaal hiervan gebruik gemaak nie.[12]

Tydens veldtogte het die Mtetwa- en later die Zoeloeleër, in uitgespreide regimentele kolonnes opgemars. Na die voorkant, sykante en agter die leër is verspieders ontplooi. Wanneer in vyandelike gebiede of gebroke terrein inbeweeg is, het hulle na 'n gesloter formasie oorgeskakel. Aanvullend hiertoe is die mag in twee gedeel met 'n voorhoede van tien kompanies ongeveer 16 kilometer voor die hoofmag. Die voorhoede het nie gepoog om sy teenwoordigheid te verberg nie, maar het so aggressief as moontlik opgetree ten einde die indruk te skep dat hulle die hoofmag is. Sodra die hoofmag opgedaag het, het die werklike geveg begin.

Sodra die geveg begin het, is die bulkopformasie ingeneem. Die leër het in drie divisies opgebreek met twee kolonnes wat die vyand aan weerskante probeer omsingel het (horings), terwyl die grootste gedeelte, die bors, bestaande uit die ouer krygers, die vyandelike formasie aan sy voorkant gebind het. Die kop het die vyand so gou as moontlik aangeval, sodat die horings hulle kon omsingel en vernietig. 'n Vierde element, die lendene, agter die bors ontplooi, is gebruik as dit blyk dat die vyand uit die omsingeling wou breek.

Die Zoeloe-leër het oor 'n uitgebreide netwerk van spioene en verspieders beskik wat goed ingelig oor vewikkelinge in die hele subkontinent was. Hulle het rookseine gebruik en die koning kon vinnig en oor lang afstande gewaarsku word dat sy koninkryk deur 'n vyandelike mag bedreig word.

---

[12] H. Strachan, **European Armies and the Conduct of War**. (Londen, 1983), p. 76. Strachan beweer dat in 1844, vanuit Brittanje, 83, 721 muskette aan handelaars in Afrika verkoop is.

Die leër se grootste bate was sy strategiese en operasionele mobiliteit. In hulle eie land het die krygers oorleef op beeste en vooraf gestoorde graan wat in die verskillende krale in die koninkryk geplaas is. Sodra hulle omliggende gebiede aangeval het is krale gestroop en het hulle oorleef op wat hulle uit die omgewing kon kry. Derhalwe kon hulle tot 60 kilometer per dag opmars. Om hulle mobiliteit nog verder te verhoog is jong seuns en vrouens saam op veldtogte gestuur, wat uitrusting en kos vir die krygers gedra het. Dit was dus 'n mag wat nie gebind is deur 'n lomp logistieke stelsel nie en vinnig in enige rigting operasies kon uitvoer. In die komende veldtog sou hulle in hulle eie land veg en kon dus die steun van die bevolking benut om voorrade en kennis oor die beweging van die Voortrekkers te bekom.

Dingane het bogenoemde stelsel behou, maar die werpspies as 'n aanvullende wapen teruggebring. Sy bevelvoerder vir die komende veldtog en dié se tweede-in-bevel was ervare krygsmanne uit Shaka se leër, wat Dingane se bewindsoorname oorleef het. Hulle was onderskeidelik, Ndlela en Nzobo. Zoeloe bevelvoerders het gewoonlik tydens gevegte hulle bevelspos op hoë grond soos heuwels ingerig en deur middel van boodskappers met hulle ondergeskikte offisiere gekommunikeer. Daar word gereken dat die Zoeloeleër soveel as 50 000 man kon mobiliseer, maar dat slegs sowat 14 000 tot 16 000 man aan die slag van Bloed/Ncome-rivier deelgeneem het.[13]

DIE STRATEGIESE SITUASIE OP DIE VOORAAND VAN DIE VELDTOG

Piet Retief, 69 Voortrekkers en 30 Khoi bediendes is op 6 Desember 1837 deur Dingane om die lewe gebring nadat hulle met hom oor die verkryging van grond onderhandel het. 'n Mens kry die indruk dat Dingane besluit het dat Retief en sy groep niks anders was as die voorhoede van 'n invalsmag, wat opgetree het onder die voorwendsel dat hulle oor grond wil onderhandel nie. Vanuit 'n militêre perspektief kan dit beskou word as 'n voorsprongaanval wat opgevolg is met aanvalle teen die onbeskermde laers in die omgewing van die Klein Tugela-rivier in die omgewing van die gebied van die teenswoordige dorpe van Ladysmith en Estcourt. Tydens hierdie aanvalle is daar 'n geskatte 40 mans, 56 vrouens, 185 kinders en 250 Khoi bediendes, gedood en 10 000 beeste gebuit, maar die res van die Voortrekkers het daarin geslaag om betyds laer te trek en verdere aanvallle af te weer.[14]

Vanuit 'n Zoeloe perspektief was dit 'n kans wat verlore gegaan het ten einde die beoogde strategiese resultaat, om die Voortrkkers uit Natal te verdryf, te bereik. Laasgenoemde het kans gekry om te herstel en hulle kragte weer op te bou. Kort hierna het ander trekgeselskappe onder Andries Potgieter en Piet Uys vanaf Transvaal in Natal aangekom en begin voorberei vir militêre strafmaatreëls teen die Zoeloes. Hulp is ook aangebied deur die Britse setllaars in Port Natal.

Hierdie ekspedisie was egter 'n klaaglike mislukking. Die kommando is op 11 April 1838 by Italeni in 'n hinderlaag gelei. Die Zoeloes het Uys en nege ander mans gedood en die res het inderhaas na die laers teruggekeer. Potgieter is van lafhartigheid beskuldig en hy en sy volgelinge het na die Transvaal teruggekeer. Op 17 April is 'n mag vanaf Port Natal, onder bevel van John Cane deur die Zoeloes verras en feitlik uitgewis. Op 24 April het die

---

[13] I.J. Knight, **Warrior Chiefs of Southern Africa**, pp. 18-31.
[14] J. Laband, **Rope of Sand**. (Johannesburg, 1995), p. 91.

Zoeloeleër Port Natal aangeval en die nedersetting verwoes. Die situasie is vererger met die dood van Gerrit Maritz aan koors, wat die Voortrekkers sonder 'n erkende leier gelaat het wat die verskillende faksies kon verenig.[15]

Die Zoeloes het vanaf Mei tot Augustus sporadiese aanvalle teen die laers geloods. Op 13 Augustus het hulle 'n grootskaalse aanval teen die laer by Gatsrand van stapel gestuur. Vir twee dae het die Voortrekkers dié aanslag, na 'n koue en nat winter, afgeweer. Die meeste van hulle vee is gekonfiskeer, maar hulle het oorleef. Hierna is hierdie laer ook na die omgewing van die Klein Tugela-rivier verskuif.[16]

DIE REORGANISASIE VAN DIE VOORTREKKER MILITÊRE STELSEL

Andries Pretorius het op 22 November 1838 in Natal aangekom vanuit die Kaapkolonie met 'n voorhoede van 60 man, terwyl sy trek nog deur die Vrystaat beweeg het. Die Voortrekkers het hom as Hoofkommandant verkies en voorbereidings vir die komende veldtog het onmiddelik begin. Die perde is uitgerus, sodat hulle in 'n goeie kondisie kon wees, voedsel en veevoer is opgepot en ammumisie is spaarsaam gebruik, asook die vervaardiging van veghekke vir latere gebruik tydens die beslissende geveg soos deur Pretorius beplan. Pretorius het die leierskap probleem uitgesorteer deur die ander offisiere ook te laat kies. Hy het 'n behoorlike bevelslyn daargestel om die ou metode te vervang, waarvolgens elke groep slegs opdragte van hulle eie leiers uitgevoer het. Karel Landman is aangestel as tweede-in-bevel, verkenner meesters is aangestel (Jacobus Potgieter, Pieter Jacobs, Hans de Lange en Stephanus Erasmus.) Veldkornette is aangewys (byvoorbeeld Bart Pretorius) en Stephanus Maritz is aangestel as die laermeester (met die opdrag om bevel oor die laer te neem in Pretorius se afwesigheid.

Pretorius se mag het bestaan uit 468 Afrikaners, 3 Engelse vanaf Port Natal, Khoi bediendes en 60 swartes in diens van die Britse setlaars in Port Natal.[17] Daar was 64 waens[18] (14-16 osse per was = 900 osse). Elke man het 'n perd gehad en saam met die spaarperde 'n totaal van'n 500 perde.

Elke man het oor 2-3 voorlaaier muskette (Sannas) beskik met 'n vuurtempo van 2-3 skote per minuut en 'n aanwendingsafstand van ongeveer 100 meter. Sommige het dubbelloop haelgewere gehad en Pretorius het hulle voorsien van klein leersakkies wat met lopers gevul is en op 30-40 meter verwoesting, soortgelyk aan die van 'n haelgeweer gehad het.

Drie voorlaaier kanonne sou die vuurkrag van die mag verhoog. Pretorius het in Port Elisabeth 'n skeepskanon met 'n aanwendingsafstand van 1 500 meter gekoop en hulle het ook oor twee kortloop kanonne met 'n aanwendingsafstand van 30-40 meter. Laasgenoemde sou skroot met 'n verskeidenheid van harde projektiele soos klippe en potysterpote afvuur wat

---

[15] A.J. Böeseken, **Van Oorloë en Vrede**. (Kaapstad, 1983), pp. 53-55.
[16] A.J.P. Opperman, **Die Slag van Bloedrivier**. (Roodepoort, 1982), p. 7.
[17] C. Venter, **Die Groot Trek**, p. 49.
[18] V.E. d'Assonville, **Bloedrivier**. (Florida, 2000), p. 23, hou by Preller se bewering dat daar 57 waens was en dat Karel Landman by die Tugelarivier met nog 7 waens by Pretorius aangesluit het. B.J. Liebenberg, **Andries Pretorius in Natal**. (Pretoria, 1977), pp. 19-21en Venter, p. 49 onderskryf dit nie en beweer dat daar net 57 waens was.

die vernietigende effek van 'n haelgeweer sou behaal.[19] Die ammunisie vir die artillerie het hoofsaaklik bestaan uit skroot, wat bestaan uit 'n aantal ysterballe, wat in 'n blikhouer saamgevoeg is. Wanneer die kanon afgevuur is het die houer gebreek en die effek was die verspreiding van projektiele oor 'n wye gebied, soos met die afvuur van 'n haelgeweer. Skeepskanonne het ook soliede skoot (kompakte ysterbal) en algemene skoot (common shot) wat hol was en met buskruit en 'n lont voorsien wat oor langer afstande teen personeel aangewend kon word. Dit is nie duidelik of die Voortrekkers oor beide hierdie tipe ammunisie beskik het nie.[20]

VELDTOGSTRATEGIE EN TAKTIEK

Volgens Liebenberg[21] is die besluit om die walaer as taktiese hoeksteen te gebruik reeds voor Pretorius se aankoms in Natal geneem. Dit was die gevolg van die lesse wat geleer is by Italeni en die suksesvolle verdediging teen die Zoeloe-aanvalle tot op daardie stadium. Dit behels ook die besluit om veghekke te vervaardig ten einde infiltrasie tussen die waens gedurende die geveg te verhoed.

Dit strek Pretorius tot eer dat hy gehou het by hierdie besluite en dit met sy eie planne geïntegreer het. Volgens huidige militêre doktrine, word 'n veldtogplan ontwikkel uit vooraf beplanning in die vorm van 'n operasie konsep, voordat 'n detail plan ontwikkel word. Uit sy optrede kan afgelei word dat Pretorius se operasie konsep was om 'n opmars na Zoeloeland te onderneem met die walaer as hegte basis die Zoeloe bevelvoerder uit te lok om hom op grond van sy eie keuse aan te val. Die taktiek[22] wat hy voorsien het om te gebruik was om laer te trek in oop terrein met oop skootsvakke, gekombineer met hindernisse wat die beskerming van die laer moes aanvul, ten einde die mobiliteit van die Zoeloeleër te neutraliseer. Deur hulle te dwing om hierdie gefortifiseerde stelling aan te val kon hy vuurkrag benut, hulle maksimum verliese toedien en hulle dan met 'n teenaanval met mobiele magte vernietig.[23]

In hierdie stadium blyk dit dat die Zoeloestrategie was om die Voortrekkermag te vind, aan te val en te vernietig.

---

[19] Volgens J. Laband, **Rope of Sand**, p. 99, was die vlootkanon se aanwendingsafstand 'n paar duisend meter. Volgens ooggetuie verslae, soos aangehaal in C.J. Nöthling, (red), **Ultima Ratio Regum**, (Pretoria, 1987), p. 25, was die bemanning so bedrewe dat hulle die kanonne tot op 2 000 – 2 500 meter kon aanwend. Gegewe die struktuur van die geskut, is dit nie realisities nie. Slegs die skeepskanon kon dalk oor hierdie afstand aangewend gewees het. E.B. Potter, (red.), **Sea Power**, (Maryland, 1982), p. 119, beweer dat meeste vlootkanonne van hierdie tydperk maksimum oor 2 500 meter aangewend kon word. Aangesien hierdie 'n kleinerige kanon was sou dit veilig wees om te beweer dat sy aanwendingsafstand ongeveer 1 500 meter was.

[20] D. Harding, (red), **Weapons**, (Londen, 1980), p. 167.

[21] B.J. Liebenberg, **Andries Pretorius in Natal**, p. 18.

[22] Volgens E. Luttwak, **A Dictionary of Modern War**, p. 199, is taktiek die kuns van die gebruik van militêre magte tydens gevegte.

[23] South African Defence Force, **Joint Military Dictionary**. (Pretoria, 1983), p. 290, beskryf dit as die bevelvoerder se aannames of oogmerke ten opsigte van 'n operasie of reeks van operasies. Dit sal dan ontwikkel word in 'n detail plan.

OPMARS TOT KONTAK

Vanaf 3 tot 15 Desember 1838 het die walaer versigtig vanaf die Bo-Tugela beweeg en elke aand laer getrek, terwyl verkenners voortdurend die omliggende gebied gepatrolleer het.

Gedurende die opmars het Pretorius seker gemaak dat godsdiens 'n belangrike komponent van die voorbereiding vir die komende geveg speel. Die godsdiensoefeninge wat onder leiding van Sarel Cilliers gehou is het uiteindelik gemanifesteer is in die bekende Gelofte. Voorafgaande het Pretorius briewe van naasbestaandes uit die Kaapkolonie voorgelees en veral een van Dominee G.W.A. van Lingen, wat beklemtoon het dat op die Almagtige vertrou moet word, het groot impak gehad.[24] Vanuit 'n militêre perspektief kan dit beskou word as 'n benutting van sielkundige oorlogvoering. Dit behels egter nie 'n bevraagtekening van die opregtheid van Pretorius se godsdienstige oortuigings nie, maar dat hy begryp het hoe belangrik dit was in die motivering van 'n godsdienstige groep mense vir 'n komende geveg.

Hierdie optredes is aangevul met die gevangeneming van 'n groep Zoeloe vrouens en kinders op 12 Desember. Hy het hulle teruggestuur met 'n boodskap aan Dingane dat indien laasgenoemde die vuurwapens en perde van Retief se geselskap sou terughandig, Pretorius bereid sou wees om oor vrede te onderhandel. Volgens Liebenberg[25]het hy waarskynlik daarop gereken dat sy voorstel verwerp sou word, aangesien hy vasbeslote was om Dingane se mag te verslaan, maar ook besef hoe belangrik dit was om die beeld van die Voortrekkers aan die buitewêreld voor te hou as een van menslikheid en vergewingsgesindheid. Gevolglik het hy ook hierdie gebeure in koerante in die Kaapkolonie laat publiseer via die joernaal van Jan Bantjes en sy brief aan Jacobus Boshof van 22 Desember 1838.

Op 15 Desember het se verkenners berig dat die Zoeloeleër in aantog is, maar hy het Sarel Cilliers se voorstel om hulle met 'n berede mag aan te val van die hand gewys, aangesien dit 'n herhaling van die gebeure by Italeni tot gevolg sou hê, aangesien die Zoeloe rigting van opmars vanaf die ooste via die Nqutu heuwels gelei het. Derhalwe sou die geveg in gebroke terrein plaasvind, waar die Zoeloes die vuurkrag en mobiliteit van 'n perdekommando sou kon neutraliseer deur die heuwels en dongas te gebruik om die ruiters in hinderlae te lok.

Skote is afgevuur as teken dat die verkenners na die hoofmag moes terugkeer, die agterste waens is vinnig vorentoe gebring en laer is getrek. Die laer was in 'n D-formasie tussen die Ncome-rivier, 'n donga en 'n prominente heuwel in die weste wat die Vootrekkers Vegkop genoem het. Omliggend was oop terrein wat geen skuiling aan die Zoeloes verleen het nie. Die waens is aanmekaar vasgeketting, veghekke is vasgeheg en die kanonne is in posisie geplaas. Rou beesvelle is oor die wiele van die waens getrek sodat hulle nie aan die brand gesteek kon word nie. Kort leërs is by elke wa geplaas en buskruit is tussen die wiele geplaas. Al die osse en perde is in die middel van die laer geplaas en die skutters eweredig versprei sodat die knal van vuurwapens van alle kante af kon verhoed dat die diere verboureerd raak en na 'n punt toe probeer uitbreek.

---

[24] B.J. Liebenberg, **Andries Pretorius in Natal**, pp. 26,28.
[25] Ibid, p. 34.

Tot in hierdie stadium het dit sporadies gereën en op die nag voor die slag het 'n digte mis oor die laer gehang. Laterns is gevolglik aan die waens, na buite gehang ten einde 'n verrassingsaanval te verhoed.[26]

Volgens Knight[27] het Pretorius die Zoeloes voorgespring deur die standplaas vir die geveg op die wesoewer van die Ncome-rivier te kies. Die opmars van die Zoeloe-leër het deur 'n reeks van lae heuwels beweeg voordat hulle die plat vallei van die rivier bereik het. Die rivier was vol water as gevolg van die reën van die vorige dae en saam met die donga was die laer moeilik bereikbaar. Noord van die laer het nog 'n spruit van oos na wes in die Ncome gevloei. Verder was daar net een drif noord en een suid van die laer, wat dit vir die Zoeloe-bevelvoerder wel moontlik sou maak om sy mag in die tradisionele Bulkop-formasie te ontplooi. Gedurende die geveg sou Pretorius egter ook van vuurkrag gebruik maak om die voordele van die terrein te versterk en die Zoeloes te dwing om slegs deur die suidelike drif te beweeg.

In hierdie stadium het die voorhoede van die Zoeloe-leër vanaf Umgungundlovu deur die Nqutu-heuwels beweeg, terwyl verkenners die koning ingelig gehou het oor die beweging van Pretorius se kommando. Volgens Laband[28] het die opmars van die leër teen 'n skuins lyn vorentoe beweeg, wat die situasie vir hulle vererger het. Die linkerflank het die voorhoede gevorm en gevolglik voor die middelste deel (bors) en die regterflank die rivier bereik. Hulle het deur die suidelike drif en vandaar deur die donga beweeg en in die lang gras gewag dat die hoofmag opdaag. Vanuit die noordwestelike posisie vanaf die laer was hulle in die enigste oop terrein vanwaar 'n stormloop op die Voortekkers se stelling geloods kon word.

Dit is dus duidelik dat, reeds voor die geveg begin het, twee belangrike besluite geneem is. Deur die laer aan die weste van die rivier te plaas, het Pretorius sy mag met 'n hindernis tussen hom en sy opponent geplaas. Hierdeur het hy die Zoeloe-bevelvoerder gedwing om sy bevelspos nie agter die aanvalsas van die mag te plaas nie. Hy kon wel sy bevelspos op Vegkop ingerig het, maar dit sou beteken dat hy sy hele mag wes van die rivier moes ontplooi, met die implikasie dat die roete tussen die Voortrekkers en Zoeloeland onbeskermd gelaat is. Indien hy agter die voorhoed plaasgeneem het, het hy nie beheer oor die hoofmag behou nie. Dit sou dus vir hom moeilik wees om doeltreffende bevel en beheer uit te oefen, ongeag waarop hy besluit het.

Pretorius se plasing van lanterns het net die onmiddellike omgewing van die laer verlig. Dit sou egter nie die Zoeloes kon verhoed om tot na aan die laer te beweeg en 'n verrassingsaanval te loods nie, aangesien die Voortrekkers se verkenners nie gedurende die nag buite die laer kon ontplooi met die Zoeloe-leër reeds in die omgewing nie. Ndlela het blykbaar besluit dat die beste tyd om aan te val, gedurende die nag was, maar die afstand tussen die voorhoede en die hoofmag, digte mis en die vol rivier het die leër nog vir 'n lang tyd in twee gedeel aangesien slegs 'n beperkte aantal regimente gedurende die nag deur die

---

[26] V.E. d'Assonville, **Bloedrivier**, pp.32, 39.
[27] I. J. Knight, **Great Zulu Commanders**. (Londen, 1999), p. 40.
[28] J. Laband, **Rope of Sand**, p. 98.

driwwe sou kon beweeg. Derhalwe het hy besluit om die volgende dag aan te val, waardeur die voordeel van donkerte en die vermoë om die Voortrekkers te verras verlore gegaan het.[29]

DIE SLAG VAN BLOED/NCOME-RIVIER, 16 DESEMBER 1838[30]

Die volgende dag, 16 Desember, was 'n sonnige dag. Soos die mis opgeklaar het, is die Zoeloes ongeveer 40 meter vanaf die laer opgemerk.

Die geveg (Begin)

Pretorius het opdrag gegee dat niemand moet skiet, voordat hy die vooraf besluite teken sou gee, twee skote met sy dubbelloop haelgeweer. Pandemodium het losgebars toe die eerste skote die Zoeloe geledere tref. Meeste van hulle het nog gesit en na die laer gekyk. Nzobo (Dambuza) het die fout gemaak om sy krygers te na aan die laer te laat sit en hulle kon nie opstel om die laer met spoed te bestorm nie. Aäron Xulu, 'n Zoeloe historikus, beweer dat nie een van die swart skilde in die voorste rye oorleef het nie. Hulle was ook so na aan mekaar dat hulle nie hulle wapens kon gebruik nie. Die krygers wat van agter af aangeval het, kon ook nie momentum opbou nie omdat hulle oor die lyke van hulle gevalle makkers in die voortste linie moes klim.[31]

Die geveg. (1ste Aanval) Tussen 05:00-06:00

Golf na golf van krygers het op die laer afgestorm. Die Voortrekkers het gewag totdat hulle 30 meter van die laer af was, voordat hulle begroet is met 'n muur van musketvuur. 'n Groot rookwolk het oor die laer gehang en toe dit weggtrek het die Zoeloemag teruggeval na ongeveer 500 meter van die laer. In die laer het die osse en perde rusteloos geraak, maar hulle is onder beheer gehou en het nie probeer uitbreek nie.

Die geveg. (2de Aanval)

Die pouse het die skutters in die laer die geleentheid gegee om hulle wapens te laat afkoel. Die gevaar het bestaan dat as die lope te warm word die buskruit in die wapens kon ontplof.

Die volgende aanval was meer georganiseerd en het ook meer momentum gehad. Die Voortrekkers moes vinniger laai en vuur. Terselfdertyd het sommige regimente van die Zoeloe hoofmag deur die suidelike drif en die donga beweeg en by die voorhoede begin aansluit. Die osse en perde het nog rusteloser geraak, maar het nie uitgebreek nie. Nog 'n probleem was dat 'n digte rookwolk oor die laer gehang het, wat sig beperk het. Nogtans het die Zoeloes gehuiwer en het die Voortekkers weer die geleentheid benut hulle wapens te laat afkoel.

---

[29] I. J.Knight, **Great Zulu Commanders**, pp. 40-41.

[30] Die verloop van die slag is saamgestel uit drie bronne, wat gebaseer is om ooggetuie-verslae en korrespondensie van Pretorius na die tyd.; V.E. d'Assonville, **Bloedrivier**, pp. 44-58; B.J. Liebenberg, **Andries Pretorius in Natal**, pp. 31-40; A.J. P. Opperman, **Die Slag van Bloedrivier**, pp. 24-40.

[31] Soos aangehaal in V.E. d'Assonville, **Bloedrivier**, p. 46.

Die geveg. (3de Aanval)

In hierdie stadium het Pretorius besluit om die Zoeloe hoofmag uit te lok om aan die geveg deel te neem. Hulle was nog buite die bereik van die muskette ontplooi en hy moes verhoed dat sy mag op die standplaas beleër word. Hulle kon sien hoe boodskappers heen en weer beweeg om boodskappe tussen Ndlela en sy offisiere te herlei.

Nzobo se krygers het skielik in een formasie tot 200 meter vanaf die laer beweeg. Toe die aanval kom was dit in 'n oop en verspreide formasie. Die muskette se effek was gevolglik nie so dodelik soos voorheen nie. Dit was duidelik dat Ndlela die Voortrekkers in 'n uitputtingsgeveg wou indwing waarin hulle ammunisie gou gedaan sou wees wanneer die Zoeloe hoofmag sou aanval.

Die geveg. (4de Aanval)

Pretorius het besef dat hy die Zoeloes moes uitlok om weer in massas aan te val. Een van die kleiner kanonne sou die agterste geledere van Nzobo se mag onder skoot neem. Die ander kanon (skeeps-kanon met 'n aanwendingsafstand van 1 500m) was die sleutel. Dié kanon is uit die laer gesleep en op die Nqutu heuwels gerig. Klippe is onder die wiele gepak en ekstra buskruit gelaai om die verlangde 2 000 meter afstand na die teiken te verkry. Die skoot het tussen die Zoeloes geland en blykbaar twee halfbroers van die koning gedood.

Ndlela se hoofmag het nou vorentoe gestorm en die rivier by die noordelike drif probeer oorsteek, sodat hulle die klassieke bulhoring taktiek kon toepas. Pretorius het egter kanon- en musketvuur gebruik om dit te verhoed. Die hoofmag was dus ook verplig om deur die suidelike drif en die donga te beweeg omdat die Seekoeigat in die rivier te diep was om die laer direk vanaf die ooste aan te val. Die gevolg was dat die Zoeloes noordwes van die laer in 'n nog kleiner ruimte ingeforseer is.

Hulle het weer eens in massa aangeval en die resultaat was dieselfde as die vorige kere.

Die geveg. (1ste Teenaanval) 07:00 – 08:00

Bart Pretorius het nou opdrag gekry om met 100-150 man te perd deur die westelike hek, naaste aan die donga, te beweeg en 'n teenaanval te loods. Hulle het vanuit die saal gevuur en herlaai, maar met die Witskilde wat by Nzobo se mag aangesluit het was die oormag te groot en hulle het na die laer teruggeval.

Die geveg. (2de Teenaaval)

Die Zoeloes het steeds die laer bestorm, maar hulle pogings het ongekoördineerd begin raak. Soos wat meer van die Witskilde by Nzobo se mag aangesluit het, het die spasie nog kleiner geword. Bart Pretorius en die berede groep is weer uitgestuur, maar moes weens die oormag, weer terugval.

Die geveg. (3de Teenaanval)

Pretorius het agtergekom dat die tempo van die Zoeloes se aanvalle begin afneem het. Gevolglik het hy besluit dat hulle nie toegelaat moet word om weer terug te val nie. Bart Pretorius en sy berede groep het weer eens uit die laer beweeg met die donga aan sy linkerkant as beskerming. Hy het die Zoeloemag in twee gedeel en hulle in hulle agterkant begin aanval.

Die geveg. (Finale teenaanval)

Pretorius het nou besef dat die laer nie meer die belangrikste deel van die slag was nie. Hy het nog 100 man te perd onder sy persoonlike bevel geneem en die wig in Zoeloe-geledere vergroot. Die Zoeloe-leër wes van die rivier was nou in twee gesplit en van die krygers het deur die donga, die rivier en na Vegkop gevlug.

Cilliers het nou in opdrag van Pretorius 50 man geneem met een van die kleiner kanonne (Grietjie) na die donga beweeg en op kort afstand op die saamgepakte Zoeloes in die donga begin skiet. Volgens sy dagboek is 400 lyke in die donga na die tyd getel. Sommige het in die Seekoeigat probeer skuil, maar is in die water geskiet. Die omvang van die bloed het tot die benaming Bloedrivier gelei.

Die geveg. (Laaste poging)

Om ongeveer 09:00 het Ndlela sy reserwes die laer laat aanval. Hulle het probeer om deur albei driwwe te beweeg, maar is weer eens met vuurkrag teruggedryf.

Agtervolging. Gedurende die teenaanval is Pretorius in sy hand gewond. Desnieteenstaande is die Zoeloes oor 'n afstand van 28 km agtervolg in die rigting van die teenswoordige Dundee.

Verliese. Pretorius en drie ander man is lig gewond. Daar word geskat dat ongeveer 3 000 Zoeloes gesneuwel het en nog 500 het waaskynlik na die tyd aan hulle aan hulle wonde beswyk.[32]

NA DIE GEVEG

Die Zoeloe-leër kon ongeveer 50 000 man mobiliseer. Derhalwe kon die Zoeloes nog nie as verslaan beskou word nie. Nogtans het Pretorius se mag op 17 Desember vanaf die gevegsterrein begin beweeg. Terselfdertyd het Dingane besluit om pad te gee. Hy het sy hoofstad aan die brand gesteek en die setel van sy koningkryk noordwaarts na Nongoma verskuif.

Op 17 Desember het, wat nou bekend gestaan het as die Wenkommando, na umGungundlovu beweeg. Hulle het die oorblysels van Retief en sy manskappe begrawe en teruggekeer na die laer, wat ongeveer 9 km van hierdie punt af was.

---

[32] J. Laband, **Rope of Sand**, p. 101.

Op kersdag is hulle naby die Wit Umfolozi-rivier in 'n hinderlaag gelok en ses man het gesneuwel. Op 27 Desember het die Wenkommando Zoeloeland verlaat en teruggekeer na die laers aan die Bo-Tugela.
Die slag van die Wit Umfolozi het getoon dat die Zoeloe-koninkryk nog nie verslaan is nie en 'n militêre mag was om mee rekening te hou.

Dingane het egter in 1839 in 'n oorlog met die Swazis betrokke geraak. Sy halfbroer Mpande het dit as 'n geleentheid gesien om die troon oor te neem. Hy het gevolglik 'n alliansie met die Voortrekkers gesluit en op 29 Januarie is Dingane se lëer, onder bevel van Ndlela tydens die slag van Maqonqo verslaan. Dingane het na Swaziland gevlug, waar hy vermoor is.[33]
EVALUASIE

Vanuit 'n nasionaal strategiese perspektief het die Voortrekkers hulle doel in Natal bereik. Hulle het 'n eie republiek gehad en met die Zoeloe-koninkryk as 'n vasaalstaat het hulle veilig gevoel. Dit was egter van korte duur aangesien die proses deur die Britse anneksasie van Natal ongedaan gemaak is. Gevolglik het die onafhanklikheid van die Transvaal (1852) en die Oranje Vrystaat (1854) die ideale van die Groot Trek vervul.

Wanneer die twee bevelvoerders met mekaar vergelyk word is dit duidelik dat Pretorius, meer as Ndlela, voldoen het aan Clausewitz se vereiste om die aard van die konflik te verstaan en tot sy voordeel te benut. Pretorius het geleer uit die militêre foute van die Voortrekkers in Natal voor sy aankoms en hy het hierdie veldtog anders as die vorige benader. Sy veldtogkonsep is bewys van 'n goeie kennis van die aard van die oorlog en die sterk- en swakpunte van die opponerende magte. Derhalwe is 'n grondslag verskaf wat aan die Voortrekkers met die begin van die veldtog 'n bepaalde voordeel verskaf het.

In teater verband kan daar nie met die Zoeloes se benadering fout gevind word nie. Hulle het die voordele om in hulle eie land te veg goed benut, maar dit is in die uitvoering van Operasionele Kuns waar Pretorius gunstiger omstandighede vir sy mag geskep het om beslissende gevegte soos by Bloed/Ncome-rivier te kan wen. Nogtans het die slag van die Wit Umfolozi-rivier getoon hoe die Zoeloes gebroke terrein kon benut om die Voortrekkers verliese toe te dien.

Wat Pretorius se veldtog bereik het, is om die omstandighede te skep waarin slegte verhoudinge met ander swart etniese groepe soos die Swazis tot nog oorloë gelei het, wat op sy beurt die interne verdelinge in die Zoeloe-samelewing op die spits gedryf het.

Pretorius het ook die belangrikheid van sielkundige oorlogvoering verstaan in die benutting van godsdiens om sy manne te motiveen die poging om positiewe persepsies in die buiteland te skep in terme van die motiewe van die kommando.

Op taktiese vlak het die keuse van die terrein vir die geveg aan Pretorius die inisiatief verskaf. Dit, saam met die taktiese bates soos beskerming (walaer), vuurkrag (Sannas en kanonne), en mobiliteit (berede teenaanvalle), het hom in staat gestel om die omstandighede te dikteer en die resultaat van die geveg bepaal. Die keuse van die gevegsterrein het ook die beheer

[33] I. J.Knight, **Great Zulu Commanders**, pp. 45-47.

van die Zoeloe-lëer na laaste lig moeilik gemaak, wat waarskynlik bygedra het tot Ndlela se besluit om nie 'n nagaanval uit te voer nie. Dit was 'n kritiese besluit, aangesien die krygers onder dekking van die donker, nader aan die laer sou kon kom as in die geval van daglig. Hulle sou dus 'n korter aanloop gehad het voordat die Voortrekkers op hulle kon begin skiet.

Die Zoeloe-leër is gedwing om te veg in omstandighede waarin hulle nie hulle tradisionele gevegsformasie kon benut nie en hulle moes gevolglik slegs vanuit een rigting aanval en Ndlela se bevelspos oos van die rivier het bevel-en-beheer tydens die geveg bemoeilik. Derhalwe was die koördinasie tussen die voorhoede en die hoofmag nie goed nie en het eersgenoemde se aanval op sy eie nie saamgeval met 'n feitlik gelyktydige aksie, soos waarmee hulle in die verlede sukses behaal het nie.

Pretorius se besluitneming tydens die geveg was doeltreffend. Die maatreëls om die beste effek met vuurkrag te bereik deur die Zoeloes uit te lok om in massa aan te val, die tydsberekining van die teen-aanval en die opvolgoperasie is voorbeelde van goeie leierskap. Desnieteenstaande het sy besluit by die Wit Umfolozi-rivier, om Landman toe te laat om weg te beweeg van die beskerming van die laer en in gebroke terrein ingelok te word, herinner aan die debakel by Italeni en byna die oorwinning van 16 Desember geneutraliseer.